

Die funksie van rentmeesterskap



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Kolossense 1:16–18; Hebreërs 4:14–16; III Johannes 3; Génesis 6:13–18; Openbaring 14:6–12; I Petrus 1:15, 16.

Geheeteks:

“Want God het ons nie tot onreinheid geroep nie, maar tot heiligmaking” (*I Tessalonicense 4:7*).

Omrede die omvang van rentmeesterskap so wyd is, is dit maklik om in die uitgebreidheid daarvan verlore te raak, vasgevang te word in variasies daarvan en oorweldig te word deur die omvang daarvan. Rentmeesterskap is eenvoudig, maar ook ingewikkeld, en kan dus maklik verkeerd verstaan word. Hoe dit ook sy, die Christen of die kerk kan daarsonder nie bestaan of funksioneer nie. Om 'n Christen te wees, is om ook 'n goeie rentmeester te wees.

“Dit is nie 'n teorie of 'n filosofie nie, maar 'n stelsel wat werk. Om die waarheid te sê, dit kenmerk die lewenswyse van die Christen . . . Dit is nodig om die lewe reg te kan verstaan, en noodsaaklik vir 'n ware, lewensbelangrike geestelike ondervinding. Dit is nie net 'n saak van verstandelike goedkeuring nie, maar 'n handeling van die wil en 'n definitiewe, beslissende ooreenkoms wat die hele leefstyl beïnvloed.” — LeRoy E. Froom, *Stewardship in Its Larger Aspects* (Mountain View: Calif., Pacific Press Uitgewery, 1929), bl. 5, (*vrye vertaling*). Wat is sommige van die kernbeginsels van wat dit beteken om 'n Christenrentmeester te wees? Hierdie week gaan ons meer na die funksie van rentmeesterskap in die Christen se lewe kyk. Ons gaan 'n interessante analogie gebruik, naamlik die wiel van 'n strydwa (of koets).

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 10 Maart.*

Christus, die Middelpunt

Regdeur die Bybel is Jesus die middelpunt (*Johannes 5:39*), en ons het nodig om onself in 'n verhouding met Hom te sien. Hy het die prys vir die sonde betaal en “sy lewe ... as ‘n losprys vir baie [gegee]” (*Markus 10:45*). Jesus het alle mag in die hemel en op aarde (*Matthéus 28:18*), en alle dinge is in Sy hande (*Johannes 13:3*). Sy naam is bo elke naam, en eendag sal elke knie voor Hom buig (*Filippense 2:9–11*). “Jesus is die middelpunt van alles.” — Ellen G. White, *Evangelism*, bl. 186. Christus is die kern van ons rentmeesterskap en die bron van ons krag. Deur Hom het ons lewe waarde, en so demonstreer ons aan almal dat Hy die middelpunt van ons lewens is. Paulus het baie beproewings verduur, maar dit het nie saak gemaak wat met hom gebeur het nie, want hy het een prioriteit geleef: “Want vir my is die lewe Christus en die sterwe wins” (*Filippense 1:21*).

Lees *Kolossense 1:16–18*, *Romeine 8:21*, en *II Korintiërs 5:17*. **Wat sê hierdie verse aan ons oor hoe sentraal Jesus in alles in ons lewens is?**

Daar is geen opregte rentmeesterskap sonder dat Christus die kern is nie (*Galasiërs 2:20*). Hy is die middelpunt van “die salige hoop” (*Titus 2:13*), en “Hy is voor alle dinge, en in Hom hou alle dinge stand” (*Kolossense 1:17*). Net soos die wa se as die middelpunt van die wiel is en daarom die gewig van die wa dra, is Christus die middelpunt van die rentmeester se lewe. Net soos ‘n soliede wa-as stabiliteit voorsien, en die wiele laat draai, is Jesus ook die stewige en stabiele middelpunt van ons Christelike bestaan (*Hebreërs 13:8*). Sy invloed behoort alles wat ons dink en doen, te beïnvloed. Alle aspekte van rentmeesterskap roteer rondom, en is gesentreer in Christus.

“Want sonder My kan julle niks doen nie” (*Johannes 15:5*). Die kern van rentmeesterskap is nie ‘n hol leegte nie, maar is die werklikheid van die bestaan van Christus wat in ons werk om ons karakters nou en vir die ewigheid te vorm.

Dit is een ding om te sê dat Jesus die middelpunt van ons lewens is, maar iets anders om dit uit te leef. Hoe kan jy seker maak dat Jesus inderdaad in jou leef soos wat Hy beloof het om te doen as Hy toegelaat word?

Die heiligdom-leerstelling

Ons dink nie altyd aan die heiligdom in die konteks van rentmeesterskap nie. Tog is daar 'n verbintenis, want die heiligdom is so uiters belangrik vir ons geloofsleer, en rentmeesterskap is deel van hierdie leerstelling. “Om die bediening [van Christus] in die hemelse heiligdom reg te verstaan, is om die fondament van ons geloof te bevestig.” — Ellen G. White, *Evangelism*, bl. 221, (*vrye vertaling*). Dit is uiters noodsaaklik dat ons die funksie wat rentmeesterskap in hierdie Bybelse konsep vervul, verstaan. Eerste Konings 7:33 beskryf 'n wawiel. Ons sal die heiligdom-leerstelling met die naaf (of spil) van 'n wawiel illustreer. Die naaf is vas aan die as van die wiel en hou die wiel stabiel wanneer dit draai. Deurdat Hy die dood en seëvierende opstanding (*II Timóteüs 1:10*) ondervind het, is Christus die fondament vir Sy werk in die heiligdom (Hebreërs 6:19, 20), en voorsien Hy die stabiliteit vir ons geloof. Hy is namens ons 'n bedienaar van die heilige dinge in die hemelse heiligdom (*sien Hebreërs 8:1, 2*). “Deur die sola Scriptura [Skrif-alleen] beginsel toe te pas, bou Bybelse Adventisme sy doktrinêre sisteem op die algemene perspektief van die heiligdom-leerstelling.” — Fernando Canale, *Secular Adventism? Exploring the Link Between Lifestyle and Salvation* (Lima: Peru, Peruvian Union University, 2013), bl. 104-105, (*vrye vertaling*).

Wat sê hierdie tekse aan ons oor Jesus se bediening in die heiligdom? 1 Johannes 2:1, Hebreërs 4:14–16, Openbaring 14:7.

Die heiligdom-leerstelling help om die groot waarheid van verlossing en redding, die kern van alle Christelike teologie, te openbaar. In die heiligdom sien ons nie net Christus se dood namens ons nie, maar ook Sy bediening in die hemelse heiligdom. Ons kan ook in die Allerheiligste die belangrikheid van God se wet en die werklikheid van die finale oordeel sien. In die middel hiervan is die belofte van verlossing wat deur die gestorte bloed van Jesus, aan ons beskikbaar is. Die rol van rentmeesterskap weerspieël 'n lewe wat in die groot waarheid van verlossing, soos deur die heiligdom-leerstelling geopenbaar is, geanker is. Hoe meer ons in diepte verstaan wat Christus vir ons gedoen het en wat Hy nou in ons doen, hoe nader beweeg ons aan Christus, aan Sy bediening, Sy sending, Sy lering en Sy bedoeling vir hulle wat die beginsels van rentmeesterskap in hulle lewens uitlewe.

Lees Hebreërs 4:14–16. Wat vind ons hier om ons te help in ons eie stryd met sonde, met self en selfsugtigheid? Hoe kry ons krag en hoop uit wat hier belowe word?

Christus-gesentreerde doktrinêre geloofsbelydenisse

Die heiligdom is die middelpunt, want dit is waar die groot waarheid van verlossing so kragtig voorgestel word, waar die betekenis van die kruis geopenbaar word. En al ons leerstellings, op een of ander manier, moet aan die evangelie se belofte en verlossing gekoppel word. Soos die speke van die wiel, is die ander leerstellings deel van die groot waarheid van verlossing deur geloof in Jesus. “Die offerande van Christus vir die versoening van ons sonde is die groot waarheid wat alle ander waarhede saambind Diegene wat die Verlosser se wonderbare offerande bestudeer, groei in genade en kennis.” — Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary*, vol. 5, bl. 1137, (vrye vertaling).

Wat het Jesus bedoel deur na Homself as “die waarheid” in Johannes 14:6, te verwys? Vergelyk Johannes 17:17. Wat moet ons met die waarheid doen? III Johannes 3.

Ons doktrinêre (leerstellige) geloofsbelydenisse het ‘n invloed op wie ons is en in watter rigting ons beweeg. Leerstellings is nie net abstrakte teologiese idees nie; alle ware leerstellings is in Christus geanker, en almal behoort op verskillende maniere ons lewenstyl te beïnvloed. Feit is, daar kan regverdiglik gesê word dat ons identiteit as Sewendedag-Adventiste meer as enigiets anders in ons doktrinêre leringe gegrond is. Die leringe wat ons dan uit die Bybel aflei, is wat ons maak wie ons as Sewendedag-Adventiste is.

Die funksie van rentmeesterskap is om doktrinêre waarheid soos dit in Jesus is, uit te leef, en om dit op so ‘n manier te doen dat dit ons kwaliteit lewe positief sal beïnvloed. “As julle ten minste van Hom gehoor het en in Hom onderrig is soos die waarheid is in Jesus: dat julle, wat die vorige lewenswandel betref, die oue mens moet aflê wat deur die begeerlikhede van die verleiding te gronde gaan, en dat julle vernuwe moet word in die gees van julle gemoed en julle met die nuwe mens moet beklee wat na God geskape is in ware geregtigheid en heiligheid.” (*Efésiërs 4:21–24*).

In hierdie teksvers vind ons wat dit beteken om nie net die waarheid te ken nie, maar om dit uit te leef. Deur ‘n rentmeester te wees, beteken nie net om leerstellings te glo nie, hoe waar daardie leerstellings ook mag wees; om ‘n rentmeester te wees, beteken om daardie waarhede in ons omgang met andere, te leef en te weerspieël.

Die Drie-engeleboodskap

God het die wêreld net twee keer oor die komende katastrofe gewaarsku: een keer vir Noag (*Génesis 6:13–18, Mattheüs 24:37*) en die ander keer deur die drie-engeleboodskap (*Openbaring 14:6–12*). Hierdie boodskappe help om toekomstige wêreldgebeure in ‘n unieke perspektief te openbaar. Ons begrip van hierdie boodskappe het met tyd gegroei, maar die boodskap en sendingopdrag bly steeds regverdiging deur geloof in Christus, “die derde engel se boodskap in wese.” — Ellen G. White, *Evangelism*, bl. 190. Met ander woorde, ons vind Jesus en Sy groot opoffering vir ons in die kern van ons teenswoordige waarheid, in die boodskap waarvoor ons geroep is om aan die wêreld te verkondig.

Lees *Openbaring 14:6–12*. Wat is die kern van hierdie boodskappe? Wat sê dit aan die wêreld? Wat is ons verantwoordelikheid wat hierdie boodskappe betref, en waar pas rentmeesterskap hier in?

As Sewendedag-Adventiste het ons opdrag om die waarheid van die drie-engeleboodskappe ter voorbereiding vir die tweede koms van Christus, te verkondig. Mense moet die geleentheid kry om oor die ewigheid ‘n besluit te maak. Die funksie van rentmeesterskap is om in ‘n vennootskap met God Sy sendingopdrag uit te voer (*II Korinthiërs 5:20, 6:1–4*). “In ‘n spesiale sin is Sewendedag-Adventiste bewakers en ligdraers in die wêreld. Aan hulle is die laaste waarskuwing aan ‘n wêreld wat besig is om te vergaan, toevertrou. Hulle is die ontvangers van ‘n wonderlike lig uit die Woord van God. Aan hulle is ‘n plegtige werk van groot belang gegee – die verkondiging van die eerste, die tweede en derde engel se boodskappe. Daar is geen ander werk wat so belangrik is nie. Hulle moet geensins toelaat dat enigiets anders hulle aandag in beslag neem nie.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 9, bl. 19, (*vrye vertaling*). Die velling van die wiel is naby die grond en verteenwoordig die sendingopdrag van die drie-engeleboodskap. Hulle opdrag is om teen verkeerde teologiese strominge te waak, en identifiseer ons verantwoordelikheid gedurende die eindtydgebeure. Ons moet rentmeesters van hierdie boodskap wees deur dit aan die wêreld te verkondig.

Dis so maklik om, wanneer ons aan die eindtydgebeure dink, net op tabelle en datums te konsentreer. Dit is belangrik, maar hoe kan ons seker maak dat ons Jesus en Sy opoffering vir ons die middelpunt maak wanneer ons hierdie boodskap aan die wêreld verkondig?

Rentmeesterskap

Christus wil hê ons moet 'n heilige lewe leef. Sy lewe illustreer “heiligheid” en hoe ideale rentmeesterskap behoort te lyk (*Hebreërs 9:14*). Ons behoort ons lewens so te organiseer dat ons God behaag, en dit sluit in hoe ons alles bestuur wat aan ons toevertrou is. Rentmeesterskap is 'n funksie van heiligheid.

Vergelyk I Petrus 1:15, 16 met Hebreërs 12:14. Wat beteken “wees heilig” en “heiligheid”? Hoe is dit verwant aan ons rentmeesterskap?

Die Romeine het ontdek dat 'n wawiel langer hou wanneer die velling met 'n ysterband oorgetrek word. Die ambagsman het die yster warm gemaak om dit net genoeg te rek om rondom die velling te kon pas. Daarna het koue water dit laat krimp om styf om die velling te pas. Die ysterband het dan met die pad kontak gemaak wanneer die wiel gedraai het. Die ysterband rondom die velling verteenwoordig die konsep van rentmeesterskap. Dit is die oomblik van waarheid, wanneer ons geestelike en ons praktiese lewens skouer aan skouer staan. Dit is waar ons geloof die voor- en teëspoed van die lewe, die suksesse en die mislukkings, teëkom. Dit is wanneer ons geloof getoets word in die alledaagse se worstelinge. Rentmeesterskap is die toedraaipapier van wie ons is en wat ons doen. Dit is 'n getuienis van ons handelwyse en van 'n lewe wat reg gelewe word. Ons daaglikse handeling wat Christus openbaar, is soos die ysterband om die wiel wat met die pad in aanraking kom.

Ons optrede kan kragtig wees en moet deur ons toewyding aan Christus beheer word. Ons moet die volgende versekering en belofte uitleef: “Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee” (*Filippense 4:13*). “Die heiligmaking van die siel deur die werking van die Heilige Gees is die inplanting van Christus se natuur in die mens. Ware godsdiens is Christus in die lewe – 'n lewende, werkende beginsel. Dit is die genade van Christus wat in die karakter geopenbaar en in goeie werke bewys word. Die beginsels van die evangelie kan van geen deel van die praktiese lewe geskei word nie. Elke Christelike lewens- en werking moet 'n voorstelling van die lewe van Christus wees.” — Ellen G. White, *Die Gelykenisse van Christus*, bl. 355-356.

Kyk na jou daaglikse lewe, jou daaglikse bestaan. Wat daarvan openbaar die werklikheid van Christus wat in jou werk en jou 'n nuwe wese maak? Watter bewustelike besluite moet jy maak om Sy heiligheid in jou geopenbaar te sien?

Vir verdere studie:

Van tyd tot tyd moes die wawiele se ysterbande herstel word omdat dit gerek het weens rowwe padgebruik. Hierdie herstelproses het plaasgevind deur baie hard op die ysterbande met hamers te slaan. Die herstel van die ysterbande verteenwoordig die praktiese heiligmakingproses van rentmeesterskap. Dit beteken om die gesindheid van Christus te weerspieël in elke groot en klein lewensondervinding, selfs wanneer die proses moeilik is en seer maak. Wanneer hierdie proses met ons geld, gesinsverhoudinge of werksituasie te doen het, om net 'n paar moontlikhede te noem, moet daar volgens die wil van Christus opgetree word. Soms, soos ons almal maar te goed weet, kan ons hierdie les net deur swaarkry leer. Dit is nie maklik om die yster weer te maak pas nie. Nog minder is dit maklik om die mens se karakter te hervorm. Dink aan Petrus se ondervinding. Hy was oral saam met Jesus, maar hy het nie die volgende woorde uit Jesus se mond verwag nie: “Maar Ek het vir jou gebid, dat jou geloof nie ophou nie; en as jy eendag bekeer is, moet jy jou broeders versterk” (Lukas 22:32). 'n Kort rukkie hierna, nadat hy Jesus verloën het, het Petrus se lewe verander, maar eers na 'n baie pynlike en moeilike ondervinding. In 'n sekere sin het sy rentmeesterskap herstel ondergaan. Petrus het 'n wedergeboorte ondervind, en sy lewe sou 'n nuwe wending neem, maar eers nadat hy baie hard geslaan was.

Vrae vir bespreking:

1. Wat het praktiese heiligmaking met Jesus se instruksie, “moet hy homself verloën en sy kruis elke dag opneem ...”, te doen? Lukas 9:23. Wat word gekruisig? Galásiërs 6:14. Hoe illustreer dit die proses van heiligmaking? Hoe help praktiese heiligmaking ons om te leer om soos God te dink? I Korintiërs 2:16.
2. Wat was jou eie ondervinding met hoe daar uit pynlike beproewinge kragtige lesse oor die Christelike lewe en hoe om die Here te volg, geleer kan word? Laat diegene in die klas wat gemaklik daarvoor voel om oor daardie ondervindinge en wat hulle daaruit geleer het, te praat. Wat kan ons ook uit mekaar se ondervindinge leer?
3. Dink aan ander geloofsbelydenisse wat ons as Sewendedag-Adventiste het, of dit die Sabbat, die toestand van die dode, die Skepping, die Tweede Koms, ensovoorts is. Op watter maniere behoort hierdie verskillende geloofsbelydenisse 'n invloed op ons lewens oor die algemeen te hê?